

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 40

## 6 Oktober 2024

**JESUS**
**Is Genoeg, Regtig!**

**Jesus se heel laaste woorde op aarde was toe nie dat ons Sy voorskrifte moet bewaar nie. Of dat ons 'n klompie godsdiensige reels moet gehoorsaam nie. Nee, volgens Matt28:20 was Sy laaste woorde dat Hyself by ons is al die dae tot aan die einde van die wêreld. Anders as met alle ander godsdienste, wat slegs die voorskrifte van hulle dooie stigters oorgehou het, is die lewende Here enduit by al Sy dissipels. Ons loop daagliks op die roete van die lewende Here. Jesus is ons enigste pad. Jesus is ook ons eindbestemming. Saam met Hom leef ons daardie lewe tegemoet wat geen einde ken nie.**

**Die Ewige lewe is 'n Persoon**

**Van Ewige lewe gepraat; dit is nie in die eerste plek 'n bestemming nie, maar 'n Persoon. Jesus is hierdie lewe. Ja, Jesus berei inderdaad vir ons 'n ewige Hemelse blyplek voor, maar dit gaan eerstens oor Hom wat hier én daar is. Jesus is ons vertrekpunt, ons voltydse reisgenoot, ons ewige bestemming. Niks in hierdie lewe kan ooit ons roete saam met Jesus beëindig nie. Hy het te duur vir ons elkeen betaal om ons uit Sy hande te laat glip. Sy insetkoste was veels te hoog. Jesus waarborg in Joh 10:28-30 dat Hy die Goeie Herder is wat sorg dat niks of niemand ons ooit uit Sy greep van Sy genadige hand kan ruk nie. Hy dra ons al die pad. Daar is altyd net een ry spore, Syne!**

**Ons aanbid Hom in voorspoed en teëspoed**

**Jesus is nie maar net die Een wat op die daad vir ons 'n klompie wonderwerke moet doen en al ons gebede verhoor nie; Hy is eiendeloos meer. Hy is die Here. Ons leef saam met Hom. Ons buig voor Jesus omdat Hy ons Heer en Redder is, nie net sodat Hy iets vir ons moet doen nie. Ons aanbid Hom as die son skyn, maar ook as die onweerswolke saampak. Ons aanbid Hom as die pad bokant ons oop is tot in die Hemel, maar ook as dit lyk asof ons gebede teen die huis se plafon vasslaan.**

**As ons nie nou en vir altyd ons hoop op Hom en op Hom alleen plaas nie, kyk ons die kern van die Evangelie mis. Dan leef ons steeds behoefte-aangedrewe. Wanneer Jesus net die heeltyd moet voorsien in ons behoeftes, gaan dit eintlik net oor wat Hy vir ons moet doen. Wanneer Christus egter die Here van ons lewe is, verander alles. Ons vrees en selfsug verdamp as ons bewus raak van Sy heerlikheid.**

**Wat motiveer jou lewe vir Hom?**

**Op die ou end is daar net een van twee maniere waarop ons kan leef – vanuit 'n diep liefde vir die Here, óf vanuit 'n tekort waar die Here gedurig vir ons dinge moet doen en vir ons daar moet wees. 'n Lewe van vreugde voor God begin wanneer ons al hoe meer die eerste roete kies met die wete dat Jesus genoeg is. Dan kom die rustelose harte tot bedaring. Dan kalmeer ons ontstelde gemoed. Dan volg ons Jesus waarheen Hy ons ook al lei, maar dan moet ons dit inderdaad elke dag doen. Dit help nie veel ons weet wat die regte pad is, maar ons bewandel dit nie self nie. Agter Jesus aan – dit is wat ons van nou af moet doen! Hy ken die pad. Hy weet wat ons nodig het. Hy sal voorsien, meer as wat ons ooit kan bid of dink. – Prof Stephan Joubert**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere, en studente. Dat hulle God se liefdeshart vir hulle sal ontdek.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Ivan Garacki
- Hannah Pienaar

Natasha Stols
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Tannie Bets Coetzee
Cedric Wiegand
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Adri Botha

## Gedagte vir die week

**Jesus, is genoeg!**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org